

Publication: Burger, Die (Metropool) (SakeNuus) Publication Date: 15 Dec 2020 Page: 13

Ná feestyd moet werkplekke oppas

Nellie Brand-Jonker

Werkgewers moet bedag wees op die gevaar van 'n opflikkering van Covid-19-infeksies wanneer werknemers ná die vakansie terugkeer.

Dr. Rebaone Moshenyane, 'n beroepsgeneesheer by Workforce Healthcare, sê maatskappye moet proaktief maatreëls instel om 'n uitbreking in Januarie te verhoed.

Personeellede gaan moontlik in brandpunte soos die Oos- en die Wes-Kaap vakansie hou of restaurante en kroeë besoek. Dit kan 'n hoë risiko vir infeksies in werkplekke skep, sê hy.

Workforce Healthcare bied gesondheidsprogramme aan maatskappye, waaronder programme om infeksie met die virus te voorkom en te bestuur.

Hy sê dit is noodsaaklik om werknemers wat in Januarie

the works.

PEAR

terugkeer, vir simptome van Covid-19 te sif.

Werkgewers het 'n plig om kwesbare personeellede, soos dié met harttoestande, diabetes en MIV/vigs, asma en kanker, te beskerm.

"Baie werkgewers weet nie hoeveel kwesbare personeellede hulle het nie. Kragtens die nuwe riglyne van die departement van arbeid moet 'n maatskappy met meer as 50 personeellede vasstel hoeveel van hulle kwesbaar is."

Werknemers hoef nie te openbaar watter toestand hulle onder lede het nie, maar werkgewers moet ingelig word as hulle 'n chroniese siekte het.

"Maatskappye is verplig om hulle tegemoet te kom en seker te maak hulle is veilig by hul werkplek, of moet 'n ander plan maak as die werkplek nie vir hulle veilig is nie."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of

